

APRIL 2017

DIE GEREFORMEERDE

VROUEBLAD

**Ek is die
brood van
die lewe**

**My
daaglikse
brood en
vermorsing**

*Ek-wees en die
Heilige Gees*

BROODNODIG VIR NAGMAAL

www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Inhoud

April 2017

Gereeld

- 3 Redakteursbrief
- 4 Lidmaatpraat
- 5 Ds. Sê my

In-diepte

- 6 **Ek is die brood van die lewe**
- 8 Die brood wat Ek sal gee, is my liggaam
- 10 Die brood wat ons breek...

leefdinge

- 12 **Broodnodig vir Nagmaal**
- 14 Teks & Vers: Brood wat nie vet maak nie
- 15 Teks & Vers: Dagboek
- 16 Boekeblad
- 19 Onsterflikheid
- 20 Bybelse berading: Dr. Trudie
- 22 Fokus op die vrou van vandag: Ek-wees en die Heilige Gees
- 24 Hoe werk ek met my daaglikse brood?

- 26 Gemeente-Mosaïek: Gemeentekuiers – 'n Paar gedagtes
- 28 Reseptebblad: Raap-en-skraap Souttert
- 29 Lees in Mei 2017
- 29 Gemeentedagboek
- 29 Intekenvorm
- 30 Hartskatte
- 31 Dit was Kinta en ma
- 32 Kaleidoskoop April 2017

REDAKSIEKOMMISSIE:

REDAKTEUR	Cobie Steyn
ASSISTENTREDAKTEUR	Griet Swanepoel
GRAFIESE ONTWERP EN UITLEG	Karien Brink
SEKRETAAR	Marlette van Rooyen
WEBREDAKTEUR	Grietjie Prinsloo
ADDISIONELE LEDE	Ds. Johan Botha & Annamie Odendaal

Posadres:

Die Redakteur: Die Vroueblad, Posbus 178, Lydenburg 1120, Faks: Die Vroueblad 086 714 6157

E-pos adres: Cobie Steyn, cobiesteyn@live.com

Internetadres: www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Navrae: Rekenings, adresveranderings, intekening, bladbouers:
Me. Angie Mokobi: Tel (018) 297 3986, tydskrifte@gksa.co.za

Eienaars en uitgewers: Deputate Kerklike Tydskrifte GKSA

Intekengeld:

- VROUEBLAD (SELF AFHAAL BY ADMIN BURO, POSGELD UITGESLUIT): **R165,00**
 - ELEKTRONIESE INTEKENING: **R100,00**
 - VROUEBLAD (IN GROEP NA DIE GEMEENTE, POSGELD INGESLUIT): **R247,00**
 - VROUEBLAD (WORD GESTUUR, POSGELD INGESLUIT): **R268,00**
- HIERDIE TARIWE GELD VANAF 1 JULIE 2016 TOT 30 JUNIE 2017.
(Intekening word as voortgesit beskou solank dit nie gekanselleer word nie.)

Drukkers: V&R Drukkers, Tel 012 333 2462, ISSN 0378 407 X

'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA



Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

Ander Publikasies van die Gksa:

- Die Kerkblad
- Die Slingervel (Laerskoolkinders)
- Die Kruispad (tieners en jongmense)

Wil jy gesels oor iets?

ARTIKELS OF BRIEWE KAN GESTUUR WORD AAN DIE GEREFORMEERDE VROUEBLAD:

- SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)
- E-pos: cobiesteyn@live.com
- Facebookblad: Gereformeerde Vroueblad
- Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)



JAARGANG 71 NOMMER 10

DIE BROOD VAN DIE LEWE

— — — — — brief van die redakteur — — — — —



Prediker en Woord
beker en brood
onsigbare koord
wat Hy bind
deur sy lyde en dood.

(Eerste strofe van die gedig *Nagmaal*, uit *Klein Spiraal* deur Sielie Laubscher)

Liewe susters in die geloof,

Brood... as ek die woord hoor, sien ek my pa se sterk boerehande 'n skottel vol deeg knie met my ma se aartappelsuurdeeg wat sy met soveel sorg aan die gang gehou het, ek onthou die buite bakoond, die groot panne wat my pa self gemaak het, die hele ritueel van vuurmaak, kole uiteindelik toets... 'n hele roetine totdat die vars gebakte boerbrode uit die oond getrek word. Niks is lekkerder as 'n warm, dik skaapwagtersny met vars plaasbotter wat daarin wegsmelt nie. Kos. Baie mense se stapelvoedsel al deur eeue heen.

Geen wonder dan dat Jesus in sy modelgebed vir ons leer om ook ons hemelse Vader te vra vir ons daaglikse brood nie (vgl. Matt. 6:11). Ons leer in die Kategismus dit beteken nie net ons fisieke kos vir elke dag nie (Kyk So. 50; V & A 125), maar 'n versoek om versorging met alles wat vir die liggaam nodig is... 'n erkenning dat God die enigste Bron is van alles wat goed is en dat ons werk om kos hier op aarde te verdien, niks beteken as die Here se seën nie daarop rus nie. Heelwat verklaarders van Matteus 6 sê dan hierdie versoek beteken dat jy vra dat die Here só sal voorsien, dat jy ook kan voorsien in die behoeftes van die mense om jou, soos jou gesin, of as jy 'n werkgewer is, dat die Here genoeg sal voorsien sodat almal wat onder jou werk, genoeg sal hê om van te leef.

Genoeg... nie oordadigheid nie, nie weelderigheid nie, maar tevrede-genoeg. Wat my bring by 'n saak wat my siel toenemend krap. Dat ons, ook ons as gelowiges, niks kan reël, sonder dat daar nie 'n "bordjie eetgoed" moet saamkom nie. En dan kreun baie tafels by die gemeentes (en op ander plekke) uiteindelik onder luukse kos, koek en fyngebak, terwyl ons almal genoeg het by ons huise en terwyl daar so baie mense is wat daagliks smag na letterlik net één snytjie brood. Daarom kyk ons ook hierdie maand na hoe ons as gelowiges omgaan met die gawe van kos – wat maak ek met die daaglikse brood wat die Here aan my voorsien?

Maar dit is tydelike voedsel, aardse voedsel. Daar is dié Brood wat ons ewig voed! Met Paastyd staan ons hierdie jaar stil by Jesus, die lewende brood wat uit die hemel gekom en wat in Joh. 6: 51 aan die skeptiese Jode sê: "En die brood wat ek sal gee, is my liggaam. Ek gee dit sodat die wêreld kan lewe".

Kom ons verwonder ons weer in hierdie Paastyd aan Jesus, die brood van die lewe, wie se liggaam aan die kruis gebreek is, sodat ons heel kon word.

Christusgroete
Cobie Steyn




Ons is op Facebook: Gereformeerde Vroueblad. Gaan Like ons!

Besoek gerus ons Facebookblad – daar kry jy pitkos vir die dag en kan jy met geloofsgenote gesels. Kom gesels saam oor hoe ons as vrouens te werk kan gaan om die kos wat ons tot ons beskikking het, só te gebruik dat niks daarvan mors of verlore gaan nie. Praat ook saam oor die ewige voedsel wat nooit sal vergaan nie: die redding wat daar vir ons in Jesus Christus is.



Die brood wat Ek sal gee, is my liggaam...

DEUR ANKIE DE KLERK



Ons vier elke jaar Paasfees. Die feesdae van Goeie Vrydag en Gesinsdag staan nog as publieke vakansiedae op ons Suid-Afrikaanse kalenders. In baie gemeentes word in die weke vooraf in die prediking en Bybelstudie spesifiek gefokus op die Lydenstyd en die historiese gebeure wat op die arrestasie, verhoor en uiteindelijke kruisiging en dood van Jesus uitgeloop het.

Opstandingsondag is vir my as gelowige 'n dag van hernude blydschap wat oorborrel as ek die gedeeltes in die Evangelies lees en sing oor die triomf van Christus oor die dood!

Jesus beskryf Homself in Joh. 6 as die brood wat lewe gee. Dié brood is sy liggaam. Wat 'n geskenk om te gee! Die Heidelbergse Kategismus vat die essensie van Jesus Christus se geskenk aan ons op 'n baie duidelike manier saam:

- Ons is nie in staat om self verlossing te verkry nie (V/A 13);
- Alleenlik deur Iemand wat gelyktydig voluit mens is en waarlik God is, kan 'n mens verlos word (V/A 15);
- Die Here Jesus Christus is *ons Here* (ons Eienaar), want Hy het ons met sy bloed (sy liggaam) van die duiwel se heerskappy losgekoop (V/A 34);
- Slegs deur werklik te sterf as volledige sonde-offer in my plek kon die Seun van God die prys betaal wat my sondes vir ewig weggeneem het (V/A 40);
- Sy opstanding uit die dood is die absolute bewys van oorwinning oor die houvas wat Satan oor die mens wil hê – sy mag is gebreek! Die feit dat Christus met 'n sigbare en voelbare liggaam aan die eerste gelowiges verskyn het, gee ook vir my die sekerheid van my opstanding met 'n herkenbare liggaam sowel as gees in die ewige lewe (V/A 45).

Hierdie oorweldigende boodskap van God se liefde vir ons as mense laat my opnuut stil word en in verwondering neerbuig voor Hom.

Christus se versoening *broodnodig*

Ons het Christus se versoening *broodnodig* – sy liggaam is vir ons soos voedsame en versterkende brood. Dit is die enigste antwoord op ons dilemma van ewige verlorenheid. Sonder sy offer aan die kruis kan niemand gered word nie: “Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie,” sê Jesus (Joh. 14: 6) en ons toegang tot die Vader is deur Christus herstel toe Hy aan die kruis sy laaste asem uitblaas en sê: “Dit is volbring”. As teken van die vrye toegang tot God skeur die gordyn (voorhangsel), wat die allerheiligste deel van die tempel eksklusief toegehou het, van bo tot onder oop. Ons hoef nie deur enige menslike tussenganger, soos 'n priester, of deur die bring van 'n diere-offer toenadering tot ons Vader te verkry nie. Deur die gebreekte liggaam van sy Seun, kan ons vrylik met Hom gemeenskap hê, wanneer ons met Hom praat in gebed en wanneer ons luister vir sy stem.

Brood wat lewe gee tot in ewigheid

Dis ook nie net vir hierdie tydelike lewe wat die Verlosser, Jesus Christus, die *brood wat lewe gee*, vir ons gegee is nie. Hierdie brood gee lewe tot in ewigheid, wat beteken dat ons verwag om na hierdie aardse lewe oor te gaan na die onverganklikheid waar ons vir altyd in die teenwoordigheid van God sal wees! Jesus Christus sê immers kort voor die gebeure van daardie Paasfees aan die dissipels dat Hy vir hulle plek gaan regmaak by sy Vader. Hy is daar in die hemel besig om vir alle kinders van God heerlike blyplek reg te kry!

Die lyding wat die Seun van God tydens sy verhoor, kruisiging en dood moes verduur, was reeds vir Hom 'n bekende feit toe Hy in Joh. 6 aan die menigte verduidelik het dat Hy sy liggaam sou gee vir die mensdom se ontwil. Hy berei Homself voor om gewillig die wil te doen van sy Vader: 'n mens wat sonder sonde is moet instaan vir die volle lading van die skuld van die nageslag van Adam. Om dié taak te volbring is dit nie genoeg dat Hy 'n sondelose mens geword het nie, want die straf op die sonde is die dood en die doderyk en God se plan is groter as dat ewige dood sal heers – Hy gee nuwe lewe tot in ewigheid.

Jesus Christus kan in sy Godheid die dood oorwin en vir altyd die kettings en boeie van die doderyk laat afval – Hy word die eerste van almal wat sal opstaan. Die ewige dood sal nie meer 'n houvas hê op dié wat in Christus glo nie. Hy, die *Brood wat lewe gee*, gee dit vir hulle tot in ewigheid, deurdat Hy na drie dae in die graf uit die dood opstaan. Sy liggaam dra steeds die merke van die wrede kruisdood en oortuig selfs die ongelowige Tomas dat Hy werklik die Here en God self is (Joh. 20: 28).

Getuig oor die brood wat lewe gee

Mag ons vandag in die 21ste eeu die feite van Paasfees gelowig aanvaar en dit met vrymoedigheid aan almal uitdra. Mag ons getuieis oor Christus, die *brood wat lewe gee*, harte laat verander en baie – net soos die offisier by sy kruis – laat erken: “Hierdie man was (en is) werklik die Seun van God” (Mark. 15: 39). ▣

Fokus op die gelowige vrou van vandag

Ek-wees en die Heilige Gees

Kon jy vandag die spoor van die Heilige Gees in jou dag se gang herken?

Deur Hannatjie Vorster

Ons belangrikste toerusting as gelowige vrou is die bystand van die Heilige Gees, want die Heilige Gees woon in jou hart – anders sou jy nie kon glo nie. Net deur die Heilige Gees kan jy die sprong maak om die onbewysbare – vir ons onmoontlike – te glo: die maagdelike geboorte van Christus; Christus se opstanding uit die dood; sy hemelvaart; sy regering; dat ek God se kind is en dat Hy my hoor en verhoor.

Wat iemand ook al mag redeneer of bevrage, wat iemand ook al met minagting oor die Bybel of geloof kan sê, watter vrae soms in my eie verwarde gemoed mag opkom – die Heilige Gees lê die stille vaste wete in my hart van God se bestaan, dat Hy alles geskep het, dat sy hand alles versorg en dat Christus ook vir my gesterf het.

Die tekens van die Heilige Gees in die alledaagse

Maar herken en erken jy ook die tekens van die Heilige Gees in jou alledaagse lewe?

Het jy al langs 'n graf gestaan en 'n byna tasbare vrede ervaar te midde van jou hartseer, en geweet – dis wat bedoel word met die vertroosting van die Heilige Gees? Het jy krag ontvang om staande te bly in tye van groot teleurstelling of bekommernis? Of na 'n bittere worsteling oor 'n saak berusting gekry en alles aan die Here oorgegee? Het jy al na 'n klein babatjie se volmaak gevormde lyfie gekyk en besef: lewe is uniek, dit is God se werk!

Het dinge soms so onverklaarbaar saamgewerk dat jy net geweet het dat dit alleen deur God se beskikking so kon gebeur, of 'n klein weldaad aan iemand anders gedoen en self heerlik verryk gevoel? Het jy al buitengewoon geïnspireer gevoel vir 'n taak?

Herken en erken jy hierdie dinge as die aanraking van Heilige Gees in jou lewe? Of soek ons net die werk van die Heilige Gees in die uitsonderlike, die wonderwerke?

Bid jy met die wete dat die Heilige Gees saam met jou bid en jou gebroke woorde omvorm volgens die wil van God? (Rom. 8: 26,27). Beïnvloed hierdie wete hoe, wat en waarvoor jy bid?

Of het dalk jy vandag die Heilige Gees bedroef? Was daar woorde wat jy graag weer sou wou insluk, gedagtes wat jy graag ongedaan sou wou maak? Het jy meegedoen aan iets wat nie God se goedkeuring sou wegdra nie? Is daar 'n ongedurigheid en onrustige ontevredenheid in jou lewe of leef jy in onmin met jou man of jou kind? Is daar dinge in jou eie optrede en gemoed wat die vrede wat die Heilige Gees in jou hart werk teenstaan?

Die inwoning van die Gees en jou verantwoordelikheid

Ja, die Heilige Gees woon in elke gelowige se hart, maar jy moet ook jou kant bring in hierdie verhouding. In die Bybel gee God die opdrag dat ons in gebed moet vra om meer en meer deur die Heilige Gees vervul te word. Dit beteken nie dat God op 'n wonderbaarlike wyse jou verantwoordelikhede gaan oorneem of dat jy sondeloos word nie, maar dit beteken vertroosting in smart, opstaan na val, oorwinning na moedeloosheid. Dit beteken dat die Heilige Gees jou lei om die gawes wat Hy aan jou gegee het te verken, uit te bou en te gebruik, dat Hy vir jou inspirasie gee vir 'n taak wat vir jou te groot lyk en om die wonders van God wat rondom ons plaasvind raak te sien. Dit beteken dat jy geleenthede wat God gee aangryp om die Koninkryk van God sigbaar te maak in jou werk en deur liefdesdiens, dat jy sensitief raak vir ander se nood of dat jy iemand help op pad na geloof. En uiteindelik beteken dit ook dat jy groei in jou eie geloof en dat die vrug van die Heilige Gees al hoe duideliker in jou lewe gesien kan word (Gal. 5:22).

Het jy vandag 'n oomblik stil geword om die voetspoor van die Heilige Gees in jou dag se ek-wees na te gaan? Kon jy dit met dankbaarheid vind? Of moes jy jou hoof buig en erken: vandag het ek die Heilige Gees bedroef?

Hoe begenadig is ons dat ons kan leef met die troosvolle wete: Ek worstel nie alleen met my foute nie, my ek-wees word ook geslyp en gevorm deur die werk van die Heilige Gees in my.

Smeek God om die leiding van sy Gees vir elke dag

Het die versugting in jou hart om aan die hand van die Heilige Gees te lewe vandag opgestyg na God? Hoe heerlik die belofte dat God dit aan ons sal gee as ons daarom vra en dat ek as gelowige vrou van vandag nog saam met die Psalmdigter in Psalm 18 kan jubel: "Met my God spring ek oor 'n muur". **V**

"Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?"

– 1 Kor. 3:16.

"Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is"

– Rom. 8:16.

"... Hy sal die Heilige Gees gee vir die wat vra"

– Luk. 11:13.

"Die vrug van die Gees daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing"

– Gal. 5:22